

WAAROM

DIE BYBEL

DIE EET




VAN VARKVLEIS

VERBOD

F. W. C. Nesor

Waarom die Bybel die eet van



Varkleis Verbied.

Deur Eerw. C.W.Ewing

Herdruk uit "Kingdom Digest" van Amerika
met vergunning, en in Afrikaans vertaal.

Teksverse uit 1953 Vertaling
Deur F.W.C. Nesor, M.Sc.

Waarom die Bybel die eet van Varkvleis Verbied

Outeur	F.W.C. Nesor
Kopiereg	F.W.C. Nesor
Uitgewer	F.W.C. Nesor Posbus 31571 Wonderboompoort 0033
Tel / Faks:	(012) 379-8954
e-pos:	eklesia@telkomsa.net
Kantoorure:	Maandag, Dinsdag Donderdag, Vrydag 09:00-12:00
Drukker	Jotha Drukkers, CK95/28940/23 Tel: (012) 46-5964 (083) 453-0969
Nuwe Druk	2006
ISBN	1-919933-47-6

Waarom die Bybel die eet van Varkvleis Verbied.

God het 'n wetenskaplike rede gehad waarom Hy Moses die wet gegee het wat die eet van varkvleis en ander onrein diere verbied. Hy het geweet wat Hy doen toe Hy die eet van sekere soorte vleis verbied het. God het die welvaart en beste belange van Israel op sy hart gehad toe Hy aan Moses die wet op die berg Sinai gegee het. Siekte sou nooit van die liggame van Israel besit kon neem as hulle sy wette van gesondheid en dieet nagekom het nie.

Die heel eerste verbond wat God met Israel gesluit het, nadat Hy hulle uit Egipte verlos het, was 'n verbond van gesondheid. In hierdie verbond het God bepaal dat as Israel sy wette sou onderhou, en ook sy bevele en insettinge, dan sou siektes nie oor hulle kom soos oor die Egiptenare nie en Hy self sou hulle Geneesheer wees.

Exodus 15:26:

En gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

Hierdie verbond word in:

Exodus 23:25 herhaal;

En julle moet die HERE julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder.

Ook in Deuteronomium 7:11-15;

- 11 Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring.
- 12 En omdat julle na hierdie verordeninge sal luister en dit hou en volbring, sal die HERE jou God vir jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het;
- 13 en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig, en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.
- 14 Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees nie, ook nie onder jou vee nie.
- 15 En die HERE sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê nie; maar Hy sal dit lê op almal wat jou haat.

Op drie verskillende geleenthede het die Heer beloof om Israel in volkome gesondheid te hou. Maar Israel moes sy gebooie bewaar en sy insettinge en

verordeninge onderhou. Met ander woorde een van die oogmerke van die instelling van die wet was dat Israel gesond en sterk kon wees. Dit was die doelstelling van God se wette aangaande sanitasie en dieët. Wanneer Amerika (en ook Suid-Afrika) terugkeer na die onderhouding van God se wette aangaande gesondheid, sanitasie en dieët, en ook die ander gebooie, insettinge en verordeninge, dan sal siekte uit ons midde verdwyn, net soos die geval met Israel was toe sy Egipte verlaat het.

Psalm 105:37 sê:

Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie.

Amper drie miljoen Israëliete het uit Egipte gekom, 'n bevolking amper gelykstaande aan die blankes van Suid-Afrika, en daar was nie een sieke, of kranke of swak persoon onder hulle nie. Hulle het geen dokters, hospitale, sanatoriums, apteke, aspirines, Salk entstof, penisillien of Hadacol gehad nie.

Israel het God se gebooie onderhou en opgehou om in hulle liggame in te neem daardie goed wat siektes veroorsaak en God getrou aan sy beloftes, het hulle genees. (Sien Ex. 15:26).

'n Paar jaar gelede het die Departement van Openbare Gesondheid van die Staat Illinois 'n pamflet met die opskrif: "**TRICHINOSIS**" gepubliseer. Dit was omsendbrief nommer 64. Hierdie pamflet het verklaar dat sestien persent van die bevolking van die Verenigde State, d.w.s. 22miljoen persone, aan die siekte "**TRICHINOSIS**" wat deur die eet van varkveis veroorsaak word, gely het.

God het alles omtrent die '**trichinella wurmpies**' wat die liggaam van die vark en ander onrein diere besmet, geweet. Daarom het Hy om te verhoed dat hierdie siekte die menslike liggaam moet aantast, verbied dat die vleis van die vark en ander onrein diere, deel van die dieet van die mens moes uitmaak. Dit was net 'n eenvoudige manier om siekte te voorkom. Wetenskaplikes begin nou om die waarde van God se voedsel wette te verstaan.

Omdat die onderwerp van die eet van varkveis weereens 'n saak van nasionale belang geword het, wil ek 'n paar feite voor u lê wat u behoort te weet wanneer u vir uself aangaande die eet van varkveis moet besluit.

In Levitikus 11:7-8 het God aan Israel gesê:

- 7 ook die vark, want hy het gesplitste kloue, ja, heeltemal gesplitste kloue, maar hy herkou nie - onrein is hy vir julle.
- 8 Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle aas nie raak nie - onrein is hulle vir julle.

Ek het al gehoor dat leraars na die vark verwys en dan sê: "Die seremoniële onreinheid van die vark het niks te doen met die seremonie nie". Die seremonie was in die jaar 1490 v.C. gegee, maar in Génesis 7, wat amper 'n duisend jaar voor die gee van die wet was, het God alreeds vir Noag gesê hoeveel rein en hoeveel onrein diere hy in die ark moes neem. As hulle toe al rein en onrein was,

sou die gee van die wet eenduisend jaar later niks te make gehad het om hulle rein of onrein te maak nie. Hulle was nie seremonieel onrein nie; hulle was wetenskaplik en fisiologies onrein, en omdat hulle fisiologies onrein is het God dit verbied om hulle vlees as voedsel te gebruik.

God het die eet van varkveis en ander onrein diere verbied omdat Hy “**Trichinose**” en ander siektes wou uitwis. Trichinose is ‘n siekte waarvan ons nie baie in koerante en tydskrifte lees nie, maar dit is ‘n groot gesondheidsprobleem.

Die pamflet oor Trichinose wat deur die Departement van Openbare Gesondheid van die Staat van Illinois gepubliseer is, het die volgende te sê: “Trichinose is ‘n siekte wat die spiere van die liggaam met klein wurmpies, wat ‘**Trichinae**’ genoem word, besmet; hulle is so klein dat hulle nie met die blote oog raak gesien kan word nie. Daar mag duisende van hulle wees, of net ‘n paar. In sy akute vorm mag die siekte besonder pynlik en afmattend wees, en soms selfs dodelik”.

“Trichinose is ongeneeslik, tensy die liggaam self die wurms uitwerp. Maar aangesien die siekte deur middel van voedsel opgedoen word, kan dit voorkom word - en sover tot dusver bekend, is voorkoming die enigste manier waarop dit onder beheer gebring kan word”.

“Die omvang van die Trichinose probleem kan afgelei word uit die feit dat in lykskouings wat in verskeie gedeeltes van die Verenigde State gemaak is, tot soveel as 35 persent van die lyke tekens van die siekte getoon het. Gesaghebbendes op hierdie gebied bereken dat 16%, of 22miljoen persone in die V.S.A. hierdie kraguitputtende siekte onderlede het”.

Die artikel gaan voort om te sê dat gedurende die afgelope vyftigjaar, opnames herhaaldelik aangetoon het dat 1.5% van al die varke in die Verenigde State “Trichinae” het, en dat elke man, vrou en kind in die land blootgestel is aan die moontlikheid om van hierdie besmette varkveis twee of driekeer per jaar te eet.

Dr. Sylvester Gould, ‘n gesaghebbende op “Trichinose”, het ‘n studie van die aantal besmette varke gemaak, hulle getal was 15,000 uit elke miljoen, en bereken dat die gemiddelde Amerikaner gedurende sy leeftyd twee honderd maaltye met varkveis eet wat “Trichinae” bevat.

Dr. Edward T. Wilkies het in die September 1950 uitgawe van die tydskrif “Better Health” die volgende stalling gemaak: “Miljoene mense ly, en ‘n groot aantal sterf, as gevolg van ons ongeërgdheid aangaande ons nasionale plaag — “Trichinose”.

Die pamflet van die Departement van Openbare Gesondheid van die Staat van Illinois sê: “Varke doen die wurmpies op deur vullis en afvalkos te eet waarin daar stukkies varkveis is wat met die siekte besmet is of die vleis van besmette rotte, muise of ander diere. Rotte en muise doen dit weer op deur besmette vlees tussen afval of vullis te eet of deur middel van kannibalisme. Op soortgelyke wyse kan honde, katte en ander vleisetende diere die Trichinae onder lede kry deur rou vleis of die vlees van besmette diere te eet”.

“Bere het dikwels Trichinae onder lede, en ‘n paar gevalle van Trichinose onder mense was al teruggespoor na ongekookte beer vleis. Dit is heel onwaarskynlik dat

die grasvretende mak diere soos beeste, skape, bokke en perde, hierdie wurmpies sal hê, behalwe in baie uitsonderlike gevalle, aangesien hierdie diere nie vleis eet nie”.

Wat ookal die bron mag wees, dit is wat met 'n mens gebeur nadat hy vleis geëet het wat met Trichinae besmet is:

Terwyl die vleis besig is om te verteer en die wurmpies nog in hulle larwe stadium is en omtrent 1/25 duim lank is, word hulle uit hulle ovaalvormige papiebuisies (kapsules) of sakkies waarin hulle opgekrul lê, bevry. Die kapsules of buisies is ongeveer 1/5 duim in deursnee. Die verteringsappe los dan hierdie buisies op. Dit stel die wurmpies vry, en hulle word dan vanuit die maag in die dunderm ingewerk. Daar vestig hulle dan hulself binne die voue van die binnewande en bereik hulle volwasse stadium binne twee of drie dae. Dan paar hulle, maar groei nog terselfdertyd, en bereik hulle maksimum grootte na 4 of 5 dae, d.w.s. 6 of 7 dae nadat hulle in die liggaam ingeneem is. Die uitgegroeide vroulike wurms word van 1/16 tot 1/8 duim lank, en die manlikes omtrent die helfte langer.

Omtrent vyf dae nadat hulle die verteringskanaal bereik het, kry die wyfies kleintjies — hulle word lewendig gebore, nie in die vorm van eiers soos gewoonlik nie. Elke wyfie bring van 1,000 tot 1,500 voort. Die voortbring van kleintjies mag vir etlike weke voortduur. Volgroeide wurms mag in die liggaam aangetref word selfs maande na die oorspronklike infeksie opgedoen is.

Aangesien die vroulike Trichinae hulleself baie diep in die voering van die ingewande vestig, word die nuut gebore larwes — wat omtrent 1/250 duim lank is — direk in die weefsel ingeplant, daarvandaan word die larwes deur die are na die hart gedra en sodoende na die hele liggaam deur die bloed gesirkuleer.

Na hierdie verspreiding deur die bloedstroom oor die hele liggaam werk die Trichinae hulleself in die hoof spierstelsels in en dring tot in elke weefsel deur. Die larwes bereik hulle volle lengte van ongeveer 1/25 duim ongeveer van tien tot veertien dae nadat hulle die spierweefsels binnegedring het. Dan begin hulle om hulle kapsules of buisies of sakkies dunwandig en deurskynend te maak wat na omtrent twee weke waargeneem kan word, d.w.s. omtrent ses weke na die oorspronklike besmetting.

Wat nou van die simptome van Trichinose?

Hierdie simptome verskil van persoon tot persoon namate die intensiteit van die graad van die besmetting. Volgens die aangemelde gevalle, sterf vyf of ses persone uit elke honderd van die wat met die Trichinae besmet raak. In die gevalle waar die dood intree, gebeur dit gewoonlik tussen die derde en die sesde week.

Die ontwikkeling van die larwes is in drie fases en die simptome is volgens die fases. Gedurende die eerste fase, dit is wanneer die Trichinae in die ingewande ontwikkel en hulle kleintjies voortbring, mag daar geen simptome hoegenaamd wees nie. Of die persoon mag naar word, opgooi, diarree hê of maagpyn

gedurende die eerste week kry. Hy mag ook swakheid, tensie en pyn gedurende die eerste week hê. Hy mag ook swakheid, tensie en pyn in die spiere hê, spierspanning hê, opswelling van die ooglede, en daar mag ook koorsigheid wees. Geneeshere vind dit moeilik om hierdie simptome te diagnoseer. Die eerste simptome was alreeds gediagnoseer as voedselvergiftiging, maaggreep, malaria, maagkoors, blindederm, kolitis, maagswere, galblaas en ander moeilikhede.

In die tweede fase, nege dae tot twee weke na besmetting, wanneer die larwes alreeds deur die liggaam versprei is, word nog meer spierpyne en koors ondervind. Die simptome wat op hierdie stadium voorkom was alreeds soms as skarlakenkoors, pampoentjies, sinusitis, rumatiek, spierkoors en ander siektes gediagnoseer. Wanneer die larwes die spiere of die hart binnedring, mag die siekte as verskeie soorte hartaandoenings gediagnoseer word. Wanneer die larwes in die brein of in die rugmurg posvat, was dit alreeds as harsingvliesontsteking (meningitis) en ander kwale gediagnoseer.

Professor Marise C. Hall het verslag gedoen dat 'n ondersoek van lyke uit hospitale, uit 222 gevalle van Trichinose nie een korrek gediagnoseer was nie. 'n Verslag van die Departement **die** van Openbare Gesondheid van die Verenigde State maak hierdie stelling:

“Dit blyk uit die bostaande dat daar diagnoses van omtrent 50 verskillende soorte siektes gemaak kan word waarvan die eintlike basiese oorsaak die teenwoordigheid van Trichinae is”.

Behalwe Trichinose het die Heer nog ander redes gehad waarom Hy die gebruik van vark vleis as voedsel verbied het. Die spysverteringstelsel van die vark is heeltemal anders as die van die rein diere. Die vark assimileer byna al sy voedsel in omtrent drie uur, terwyl dit die rein dier omtrent vier-en-twintig uur neem om sy voedsel te verteer. Gedurende hierdie periode word al die onsuiverhede deur die wonderlike verteringsapparaat verwyder, wat alleenlik in rein diere aangetref word, naamlik die met die gesplete hoef en wat herkou.

Die vark het ook nog 'n sanitasieselsel in sy liggaam wat daar geplaas is om hom te help om al die giwwe uit te suiwer, wat in sy liggaam opgaan as gevolg van die onrein voedsel wat dit eet en omdat die giwwe nie gedurende die verteringsproses uitgeskei word nie. Dit is naamlik 'n dreineringsstelsel wat giwwe verwyder wat in die liggaam opgaan; dit bestaan uit klein pypies wat deur sy liggaam geweef is en hulle ontledig deur klein gaatjies aan die binnekant van sy voorbene en net bokant die voorpote.

Ek is daarvan bewus dat die meeste predikers en leraars van die standpunt uitgaan dat onder hierdie Christelike Bedeling van Genade hierdie wette oor dieet mee weggedoen is en dat ons nou maar enige soort vlees kan eet wat ons voor lus het.

Ter verdediging van hierdie standpunt verwys hulle na Handeling; 10:10-16, waar Petrus die gesig gehad het van die laken vol van allerhande diere wat uit die hemel neergedaal het.

Laat ons dit lees:

Handelinge 10:10-16;

- 10 en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom:
- 11 hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word.
- 12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel.
- 13 Toe kom daar 'n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet!
- 14 En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.
- 15 En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.
- 16 En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem.

Dit is die gedeelte van die Skrif wat gebruik word om te poog om te bewys dat God nou alle onrein diere geheilig het, en dat hulle nou geëet mag word. Maar dit was glad nie die bedoeling van die gesig nie. As daar iemand was wat behoort te geweet het wat die gesig beteken, dan was dit sekerlik Petrus. En Petrus vertel ons in Handeling 10:28 waarom die gesig gegee is. Petrus was teen die Heidene bevooroordeel, en God moes hierdie gesig gebruik om die vooroordeel te verwyder.

Luister na vers 28:

en hy sê vir hulle: Julle weet: dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.

Die doel van hierdie gesig was nie om vir Petrus te toon dat al hierdie diere nou rein was nie. Petrus sê dit was met die doel om hom te wys dat hy geen mens onheilig of onrein moes ag nie. Petrus tog, behoort meer daaromtrent te weet, want hy was self daar, en hyself het die gesig gehad, as teoloë van die twintigste eeu, is twee millenniums te laat om met gesag oor die onderwerp te kan praat. Ek sal die woord van Petrus enige tyd bo die van alle teoloë, kweekskole en inrigtings van vandag verkies.

Nog 'n Skrif wat in verband met hierdie onderwerp aangehaal word is:

1 Timótheüs 4:1-5;

- 1 MAAR die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang
- 2 deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,

- 3 wat verbied om te trou en *gebied* dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met dankseggings gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.
- 4 Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie;
- 5 want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

Ons word vertel dat die woord van God nou alle soorte voedsel heilig en dat dit alles tot ons heil gebruik mag word. Maar dit is nie wat hierdie Skrif sê nie. Dit verwys na voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. God het in die Ou Testament bepaal welke voedsel soorte met danksegging aangeneem moes word. Hy het gesê dat ons nie die vark moes eet of moes aanraak nie.

Die woorde; “Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie”, word gevolg deur ‘n verduidelikende klousule wat heeltemal verontagsaam word deur diegene wat nou sê dat ons onrein voedsel mag eet.

Die klousule bepaal dat die voedsel met danksegging ontvang moet word. Hier is die klousule: “Want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed”. Die woord van God waarna hier verwys word is die Ou Testament. Die Nuwe Testament was toe net in die proses van om geskrywe te word.

Maar die Ou Testament het klaar bepaal watter soorte voedsel God geskape het om met danksegging aangeneem te word, en wat geheilig, dit wil sê afgesonder is, om as voedsel gebruik te word. Elke sodanige skepping van God, wat vir daardie doel geheilig is, is nie verwerplik nie.

Nou is dit die enigste redelike betekenis wat aan hierdie Skrifgedeelte geheg kan word. Dit is nogal eienaardig dat predikers, wat die standpunt inneem dat ‘n mens maar nou enige soort vlees kan eet, nie werklik hulle eie prediking glo nie. As ons moet verstaan dat alle onrein vlees nou maar geëet mag word, waarom is dit dat sulke predikers nie akkedisse, bobbejane, krokodille, muishonde, aasvoëls, rotte en muise eet nie? Jesaja 66:17 groepeer varkvlies saam met die van die muis. As die een dan nou rein is, dan ook die ander.

God het ons nie hierdie wette van sanitasie en gesondheid vir seremoniële doeleindes gegee nie. Hy het hulle aan ons gegee, sodat in die woorde van Exodus 23:25: Hy “siektes uit ons midde kon verwyder”. Dokters skyn meer hiervan te weet as die teoloë. Dit is die rede waarom varkvlies uit alle genesende diëte weggelaat word.

[Sommige mense verwys na:

1 Korinthiërs 10:25;

Eet alles wat in die slaghuis verkoop word sonder om navraag te doen, terwille van die gewete.

Hulle gebruik dit dan as hulle magtiging uit die Skrif om varkveis te eet. Maar as hulle hierdie teks wil reg verstaan moet hulle Hoofstukke 8, 9 en 10 lees, wat oor hierdie saak handel.

In 1 Korinthiërs 8:1 lees ons;

EN met betrekking tot die offervleis aan die afgode - - -

Dit is waaroor dit alles gaan. Dit was in verband met vleis wat aan die afgode geoffer was. Paulus het geleer dat 'n afgod geen verskil kon maak aan vleis wat in die vleismark verkoop word nie. Maar dit kon die gewete van 'n persoon wat nog swak in die geloof was, beïnvloed as hy weet dat die vleis aan 'n afgod geoffer was: En ons moet almal nie ons eie voordeel, maar die van ons naaste soek.

Sien:

1 Korinthiërs 10:24, 31-33;

24 Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van 'n ander.

31 Of julle dan eet of drink of enigiets, doen, doen alles tot verheerliking van God.

32 Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie;

33 net soos ek almal in alles behaag en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie, sodat hulle gered kan word.

Romeine 14:20, 21.

20 Moenie terwille van voedsel die werk van God afbreek nie. Alles is wel rein, maar dit is verkeerd vir 'n mens om te eet as dit tot aanstoot is.

21 Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets *te doen* waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.

Die Here Jesus het nie aan die Kruis gesterf om die vark te reinig nie, maar wel die sondaar. Die vark is nog net so onrein en so ongesond om te eet na die Kruis, as daarvoor. Die vark is nog 'n aasvreter, waarvoor God hom geskape het, en nog steeds nie gemaak vir menslike gebruik nie. Hierdie wet bly onveranderd net soos die wet van swaartekrag en enige ander natuurlike wet onveranderd bly — F. W. C. Nesor].

DIE BOODSKAP VAN F.W.C. NESER— “ISRAEL MOET HOOR!”

Iets oor die Skrywer

F.W.C. Nesor is as wetenskaplike opgelei maar is 'n toegewyde Christen vanaf sy kinderjare. Vir hom is die Bybel die Woord van God vanaf Génesis tot Openbaring.

Reeds vroeg in sy lewe was hy daarvan oortuig dat die mens self daarvoor verantwoordelik is dat daar oorloë, depressies, hongersnood, droogtes, siektes en ellende op aarde is.

Hy het gesien dat God sy volmaakte Wet aan sy volk Israel gegee het, en aan hulle gesê het dat as hulle daarvolgens sou lewe, daar nie een van hierdie rampe sou wees nie; en ook dat Israel as God se demonstrasievolk op aarde is. Dit was egter vir hom duidelik dat hierdie volk nie die Jood of die Kerk is of kan wees nie. Mettertyd het hy tot sy groot blydschap ontdek dat die Angel-Saksies, Keltiese en Germaanse nasies inderdaad die nakomelinge van die Huis van Israel is.

By die Wederkoms van Christus (nou op hande) sal hierdie nasies tot 'n ware wedergeboorte kom, met die Heilige Gees vervul word en met Jesus die Christus as hul Heer en Koning hierdie wêreld teruglei na volkome harmonie met God.

Met die oog daarop dat die Bybelse boodskap aangaande Israel uitgedra moet word aan al die nakomelinge van die Huis van Israel, het F.W.C. Nesor die onderstaande werke tot stand gebring sodat ISRAEL KAN HOOR!

Bylae:

Boeke beskikbaar van Ekklesia.

No	Titel
1	Afrikaner -- 'n Unieke Volk Die
2	Apartheid -- Wat sê die Skrif?
3	Bedienings Gawes van Jesus Christus Die
4	Berou en Bekering
5	Bybel is Waar Die
6	Christendom en Kommunisme
7	Daniël Die Boek van
8	Daniël se 70ste Week
9	Derde dag Opstanding van Christus Die
10	Deur Lyding na Volmaaktheid
11	Die Brief van die Apostel Paulus aan die Efésiërs
12	Die Bybel Voorspel Atoomoorlog

No	Titel
13	Doop Die
14	Doop, in watter Naam (pamflet) Die
15	Doping in die Heilige Gees Die
16	Duiwel Die
17	Engele
18	Fondament van die Christelike Lewe Die
19	Gawes van die Heilige Gees Die
20	God se Groot Week
21	Goddelike Genesing
22	Hoséa Die Profeet
23	Israel in die Nuwe Testament
24	Israelwaarheid - TV Onderhoud Die
25	Jesaja Die Boek van
26	Jesus van Nasaret
27	Joël Die Boek van
28	Kerk van Rome en die Mens van Sonde Die
29	Kruis Die
30	Insig in die Verlede en die Hede bring Uitsig op die Toekoms
31	Moses en sy Kusitiese Vrou
32	Na die Dood – Wat Dan?
33	Name van God Die
34	Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde Die
35	Openbaring Die Boek van
36	Openbaringe van die Apostel Paulus Die
37	Opraping Die
38	Romeine Die Brief aan die
39	Rusland in Profesie
40	Sabbat Die
41	Slang van Génesis 3 Die
42	Sommige Aspekte van die Werk van die Heilige Gees
43	Terwille van die Engele
44	Twee Sade op Aarde. Die
45	Tyd van die Heiden Die
46	Verdrukking Die Groot
47	Verlore Tien Stamme van Israel Deel 1 Die
48	Verlore Tien Stamme van Israel Die
49	Vrug van die Heilige Gees Die
50	Waar het Kain sy Vrou Gekry?

No	Titel
51	Waarom die Bybel die Eet van Varkvleis Verbied
52	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Heilige Gees
53	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Mens
54	Wat die Bybel ons Leer Aangaande God
55	Wederkoms van Christus Die
56	Wet van die Here Die
57	Wie is my Naaste?
58	Wie was Hulle?
59	Wêreldgebeure

No	Titel
1	After Death What Then?
2	Apartheid – What saith the Scripture?
3	Bible Predicts "Atomic War" The
4	Book of Joel The
5	Book of Revelation The
6	Christianity and Communism
7	Daniel's 70 th week
8	Great Tribulation The
9	Israel Truth T.V. Interview The
10	Lost Ten Tribes Of Israel Part 1 The
11	Lost Ten Tribes of Israel The
12	New Heavens and the New Earth The
13	Origin, History and Destiny of the White Race The
14	Past the Present and the Future in the Light of Scripture The
15	Rapture The
16	Russia in Prophecy
17	Serpent of Genesis 3 The
18	Why the Bible Prohibits Pork
19	World Affairs

Ander boeke beskikbaar (ander Skrywers).
Die Vrou in Onderdanigheid / Pta. Ekklesia Susters
Wat is Regtig sy naam / J.A.Dreyer
The Bible Distinction between the House of Israel / House of Juda / F.F.Bosworth
F.W.C. Nesor, 'n Lewensbeskrywing / R. Searle
Pilate's Report to Caesar of the Arrest, Trail and Crucifixion of Jesus
The Master Plan / Revd. Albion S. Gaunt
Pastor F.W.C.Nesor, A Biography (abridged) / R. Searle

Wêreldgebeure

Sedert 1986 publiseer F.WC. Nesor 'n kwartaallikse oorsig in Afrikaans onder die titel "Wêreldgebeure" en in Engels onder die titel "World Affairs".

'n Biografie van F.W.C. Nesor

Vir diegene wat meer oor F.W.C. Nesor te wete wil kom is daar 'n biografie beskikbaar wat deur Richard Searle geskryf is.

Oudiokassette / CD's en Videobande

Daar is sowat 2000 oudiokassette / CD's en 'n videobande beskikbaar waarin pastoor F.W.C. Nesor se boodskappe vasgelê is.